NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

**Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil**

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Badseloop Jeugkampterrein** [Kontak Riana by 083 308 9511 [na 14:00] of stuur 'n epos na badseloopjeugkamp@gmail.com.] **Facebook**: Kliek hier.
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** Brits/Hartbeespoortdam. **Navrae**: Louis Lemmer, 082 929 0244, magaliesbergjeugkamp@gmail.com

**14 Oktober 2021: Nr 36/2021**

## Warmnuus

### ❖ Covid-19

**Afskeidsrituele**
*20 Oktober* 14:00-15:00
Vrywillige Zoom-gesprek. **Dieter de Bruin** gaan 'n kort inleiding gee en ons gaan wenke met mekaar deel.
Kliek hier om deel te neem.

**Kerkwees en Covid-19**

Die Taakspan Op weg met Covid-19 het die volgende dokumente aan die SDR voorgelê tydens die afgelope vergadering. Neem asseblief kennis van die inhoud en voer hierdie gesprek verder in julle gemeentes:
* **Vorderingsverslag / gesprekdokument** [kliek hier]
* **Video -** Met die video wil die taakspan kykers lus maak om saam met hulle te droom van 'n kerk wat verbeeldingsvol, en met weerstandigheid, op weg is met Covid-19 [kliek hier]

**Inenting**

Die Departement van Gesondheid wil graag met kerke saamwerk om mense teen Covid-19 in te ent. Gemeentes kan kerksale beskikbaar stel. Hulle is ook bereid om spesiaal 'n inentingsdag by gemeentes te reël indien daar 'n substansiële getal lidmate is wat belang stel. **Kontak** prof. Jannie Hugo, by 082 372 2435 / jannie.hugo@ up.ac.za.

### ❖ Sinodesitting 2022

Sondagmiddag *16 Oktober* tot Donderdag *20 Oktober* middagete.
Weesgerus.

## Sinodenuus

### ❖ Weskoppies

**Borg-'n-Pasiënt-projek** - *Pieter en Carien de Wet* skryf: "Kersfees is 'n spesiale omgeetyd in Weskoppies. Covid-19 het baie ontbering meegebring vir ons pasiënte. Ons is dankbaar dat familie van pasiënte darem nou weer besoekies kan bring. "Vriende" wil andermaal probeer om die Kerstyd vir ons pasiënte spesiaal te maak.

Danksy jul ondersteuning, was dit nog altyd moontlik om met hierdie projek 'n wesenlike verskil te maak. Met ons "Borg-'n-Pasiënt"-projek poog ons om aan ongeveer 600 pasiënte elkeen 'n heerlike Kersete, met nagereg, asook 'n klein Kersgeskenkie op Kersdag te bied. "Vriende" begroot R60.00 per kop vir bogenoemde projek.

**Navrae**: Pieter de Wet 082 4757944
**Direkte inbetalings en internet oorbetalings**: Friends of Weskoppies; ABSA Tjekrekno. 3260 141 707, Takkode: Mall @ Reds 336-345; Verwysing: BP21 + u Naam.

## ❖ Tekslees met 'n verskil

**Datum:** *19 Oktober*
**Skriflesing:** Job 42
**Kontak Fanie Cronjé** (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae**. Zoom uitnodiging**: Join. Zoom Meeting [Kliek hier];
**Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**:453371

## ❖ Jaarboek 2022

**Beperkte eksemplare beskikbaar vanaf Desember!**
Plaas jou bestellings vandag nog om teleurstelling te voorkom. 1-3 boeke @ R385 elk; 4+ boeke @ R365 elk; CD @ R295 elk; Boek en CD @ R455 per stel. [Kliek hier om te bestel]

## ❖ Magaliesberg Jeugkampterrein

Sien die inligtingspamflet **>>>**

# Kollega- en ander personeelnuus

## ❖ Innige simpatie

**Jurie le Roux** [emeritus-professor in Ou Testament aan UP] is Dinsdag oorlede.
Sy gedenkdiens vind Vrydag *15 Oktober* om 11:00 by NG Monumentpark plaas. Die getalle is beperk tot 100 mense maar mense is welkom om virtueel in te skakel: kliek hier.

## ❖ Covid-19

Ons is nie tans bewus van enige nuwe positiewe gevalle nie.

## ❖ Verjaarsdagwense

**Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...**

17/10 Francois Joubert [Emeritus]
21/10 Jan Barnard [Emeritus]

**********

17/10 Karin Crous [Eggenote van Peet Crous, Lynnwood]
19/10 Anika la Grange [Eggenote van Marco la Grange, Koedoeskop]
20/10 Patricia de Vos [Eggenote van Daniël de Vos, Sesmylspruit]
23/10 Pieter Schoeman [Eggenoot van Lizl-Louise Schoeman, Monumentpark]

# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

**Wonderboom** [19/10/1959]
**Vorentoe** [19/10/1935]
**Roedtan** [20/10/1950]
**Warmbad-Wes** [22/10/1969]
**Dwaalboom** [23/10/1948]
**Wonderboom-Suid** [23/10/1946]

## ❖ Harare



**Brits Janse van Rensburg** [prop] is na die ***Samewerkende gemeentes, Harare*** beroep. Samewerkende gemeentes bestaan uit die kombinasie van die NG Gemeentes van Harare en Marondera en die Hervormde Kerke van Harare.

## ❖ Overkruin

**Ouerword en regsake**

Op Saterdag *23 Oktober* word 'n baie belangrike seminaar aangebied vir ouerwordende persone en hulle kinders tov belangrike regsake wat ouerword raak. Die spreker is die baie bekende op RSG Regsake, prokureur Volker Kruger. Dit word gebeeldsend en die skakel is https://youtu.be/e-RXyxdvfrc.
**Navrae**: *Dr Petrus Moolman*, Spesialisveld: Gerontologiese Pastoraat, 082 452 5826.

## ❖ Rietfontein-Noord

**Feesmark** *26-30 Oktober* **& feesnaweek** *29-30 Oktober*
**Adres**: 24ste Laan 800, Rietfontein (072 206 4509)
Kliek hier vir die volledige inligting.

## ❖ Wespoort

**Karnaval**
**Datum:** *30 Oktober*
**Inligting**: **>>>**
**Navrae:** Kontak die kerkkantoor by 012 386 5782

# Excelsus

## ❖ Kursusse / werkswinkels

**Dink nuut oor jou bediening** (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)
**Datum:** *18 – 20 Oktober 2021*, 18/10 (9:00 – 16:00), 19/10 (9:00 – 16:00), 20/10 (9:00 – 13:00).
**30 VBO punte. Sluitingsdatum:** *15 Oktober*

**Inskrywing:** https://forms.gle/gijwYnLc7JA6Y4TR6
* Kliek hier vir die volledige inligting.

**Digitale Learning Community**: Aangebied deur Ekerk. Hulle nooi jou graag na hierdie gratis geleentheid toe op **Donderdag** 4 November [10:00-12:00]. Die tema is **"Een lewe van Integriteit: Die geheime én publieke lewe van 'n gelowige"**. 'n Lewe van integriteit is van kardinale belang vir geestelike leiers asook vir elke gelowige. Die sinkronisering van ons publieke en geheime lewe volgens God se wil. Kom reis saam die oggend van die 4de November waar ons na verskeie geestelike leier luister en kyk die oggend wat gesels oor hierdie tema. [Kliek hier vir volledige inligting en om te registreer].

# Ander nuus

## ❖ Bybelgenootskap van Suid-Afrika

**Dirk Gevers** skryf die volgende: "Welkom by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika! Ek vertrou jy het reeds die geleentheid gehad om van die Bybels te lees wat deel vorm van ons digitale Bybelverspreiding. As Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, is ek baie dankbaar dat ons ook op hierdie manier die Woord van God aan mense beskikbaar kan maak..." [Kliek hier en lees verder]

## ❖ CLF

**'n Geskenk aan 'n Tiener, Matrikulant of Kategeet – "You are good enough".** Geldig tot *29 Oktober*. Koop dit aanlyn OF stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za / https://shop.clf.co.za/product/you-are-good-enough/ **>>>**

**Nuusbrief:** Kliek hier om die Oktober nuusbrief te lees.

**Elise Tempelhoff Toekennings -** Neem asseblief kennis dat uitgewers, opvoedkundige inrigting of individue welkom is om nominasies in te stuur vir die CLF-Elise Tempelhoff Toekenning vir Omgewingsbewaring en Geregtigheid vir 2022. Die prysgeld beloop R10 000. [Kliek hier vir die inligtingsbrosjure].
**Sluitingsdatum**: *25 Oktober* [Kliek hier vir die nominasievorm.] Stuur aan info@clf.co.za. **Navrae**: 021 873 6964.

## Vakatures

- **Vergenoeg**: **Bestuurder**

  Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om 'n tuiste vir ouer persone (self-sorg en verswakte bejaardes) en aftree behuisingskema te bestuur. Die tuiste funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde kerklike organisasie en die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.
  **Diensaanvaarding vanaf**: *1 Januarie 2022*
  **Aansoeke**: 'n Volledige CV met stawende dokumente moet vóór *31 Oktober* gestuur word aan: bestuurder@huisvergenoeg.co.za. Die aansoeker aanvaar dat die aansoek onsukselvol was indien 'n diensaanbod nie vóór of op 01 Desember 2021 ontvang is nie.

- **Kerkbode Vakatures**: Kliek hier vir die vakatures wat in die *elektroniese* Kerkbode geadverteer word.

## Naskrif